**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2021**

**EKSAMEN**

**GRAAD 8**

**PUNTE : 120**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit *14* bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.**

2. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings :**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **BEGRIPSTOETSE** | **(40)** |
| **AFDELING B:** | **TAALWERK** | **(80)** |

3. **Jy moet AL die vrae beantwoord.**

4. **Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.**

5. **Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.**

6. **Skryf netjies en leesbaar.**

7. **Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.**

***STERKTE!!!***

**AFDELING A : BEGRIPSTOETSE**

**Lees deur die begripstoets en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**

**VRAAG 1: Tydskrifartikel**





# VINNIGE KLEIN KLITS

Hy is net vyf jaar oud, maar as een van die jongste deelnemers laat hy kinders veel ouer as hy in dwergkarrenne les opsê. Met sy renlisensie en al...

Deur: **Jaques Myburgh**

Foto's: **Onkgopotse Koloti**

TEKS A

Die meeste mense waag dit eers in hulle laat tienerjare om 'n motor te bestuur, maar op die Vrystaatse dorp, Virginia, woon 'n vyfjarige spoedvraat (*speed glutton*) wat nie bang is om sy voet op die petrolpedaal van sy klein motortjie te sit nie.

Klein Wian Muller is 'n jong mannetjie wat vir niks bang is nie. Hý is een van die jonkste deelnemers in die wêreld wat kompeterend aan dwergkarwedrenne (*dwarf car races*) deelneem.

Vandag staan hy selfversekerd (*self confident*) by sy karretjie in sy ouerhuis se tuin. Hy dra sy oorpak en 'n oorgroot helm . Sy kar is vol plakkers (*stickers*) van die kinderreeks, *Paw Patrol.* "Ek is mal oor *Paw Patrol*," verduidelik Wian sommer dadelik.

Al is hy so klein, kompeteer hy in die o.12-junior-afdeling vir dwergkarre teen kinders wat baie groter as hy is. Wian sê egter dat hy nie bang is nie en hy gee hulle goeie kompetisie! Hy het sedert hy al begin jaag het, in 'n hele paar wedrenne die tweede of derde plek behaal, selfs 'n eerste plek op Kroonstad!

"Hy is 'n *natural* op die baan en geniet dit vreeslik om te ry," sê sy ma, Mariska (32), 'n rekenmeester. "Wian is altyd baie opgewonde voor 'n resies en sien baie daarna uit. In Junie gaan hy in Bloemfontein weer aan 'n resies deelneem."

Die liefde vir spoed is in sy are, want hy is die jongste van vier geslagte (*generations*) renjaers. "Ons het op die renbaan grootgeword," sê sy pa, Quintin (39), 'n veiligheidsbeampte op die myne in die area.

Quintin het in 2019 vir homself 'n dwergkar begin bou. 'n Dwergkar is 'n soort pypkar wat spesiaal gebou word om mee resies te jaag (*to race*). Dit kan enigiets van 'n 150cc- tot 'n 2L-enjin hê.

Klein Wian het sy pa gehelp om die dwergkar te bou en dit is toe dat hy begin belangstel het.

Met die inperking verlede jaar Maart, het die Muller-gesin, soos die res van die land, vasgekluister gesit by die huis. Hulle het niks gehad om te doen nie, dus het Pa Quintin besluit hulle gaan met 'n nuwe projek begin. Hulle het besluit om vir Wian 'n motortjie te bou.

Dit het drie maande geneem om die 150cc-karretjie te bou. In September 2020 het Wian aan sy eerste kompetisie deelgeneem.

Sy ouers het vir hom 'n jaarlikse lisensie van World of Motorsport South Africa (Womza) uitgeneem wat hom toelaat (*allow*) om aan die kompetisies deel te neem.

Vra jy vir Wian wat hy eendag wil word, sê hy 'n brandweerman (*fireman*), maar hy is nog te klein om te weet wat hy wil doen. "Dalk as hy ouer is, gaan hy vir ons sê hy wil eendag Formule 1 ry. 'n Mens weet nooit," sê Quintin.

Aangepas uit: **HUISGENOOT, 3 Junie 2021**

**1.1 Hoe oud is Wian?** **(1)**

**1.2 Waaraan neem Wian deel? Haal een woord aan as antwoord.** **(1)**

**1.3 Wie het hierdie artikel geskryf? Gee die persoon se naam en van.** **(1)**

**1.4 In watter a) provinsie woon Wian en**

**b) dorp woon Wian?** **(2)**

**1.5 Wat maak Wian, as Suid-Afrikaner, so spesiaal as hy aan wedrenne deelneem? Haal 'n sin aan as antwoord.** **(1)**

**1.6 Noem twee dinge wat Wian dra wanneer hy resies jaag.** **(2)**

**1.7 a) Wat is op sy motor geplak?** **(1)**

**b) Hoekom?** **(1)**

**1.8 In watter ouderdomsgroep kompeteer Wian?** **(1)**

**1.9 Die volgende stelling is ONWAAR. Haal 'n sinsnede van twaalf woorde aan om dit te bewys.**

**Wian kom elke keer laaste in die resies. (1)**

**1.10 a) Hoe oud is Wian se ma? (1)**

**b) Watter werk doen Mariska? (1)**

**1.11 Pas die woorde in KOLOM by die mense in KOLOM A. Skryf net die nommer (1.11.1) en die letter (A-D) neer.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.11.1 Wian | A. Hulle was verveeld |
| 1.11.2 Quintin | B. Is vir niks bang nie |
| 1.11.3 Die Muller-mans | C. Het die karretjie gebou |
| 1.11.4 Die Muller-gesin | D. Het Formule 1 gery |
| | E. Vier geslagte is renjaers |

**(4)**

**1.12 Waar werk Wian se pa? (1)**

**1.13 Verduidelik wat 'n "Dwergkar" is. (1)**

**1.14 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer (1.14) en die letter (A-D) neer.**

**Daar was 'n inperking verlede jaar Maart, want ...**

**A. daar was baie natuurlike rampe.**
**B. daar was te veel opstande.**
**C. daar was 'n covid-19 epidemie.**
**D. almal wou lank vakansie hou. (1)**

**1.15 Kies die korrekte antwoord en skryf dit neer.**

**Gedurende die inperking (kon mense uitgaan/moes mense by die huis bly). (1)**

**1.16 Wat was die projek wat die Mullers aangepak het? (1)**

1.17 Hoe lank het die projek hulle geneem? (1)

1.18 Watter enjin-grootte is Wian se karretjie? (1)

1.19 Wat moes Wian se ouers vir hom kry sodat hy kon deelneem aan kompetisies? Haal nege opeenvolgende woorde aan as antwoord. (1)

1.20 Watter werk wil Wian eendag doen? (1)

1.21 Hoe weet sy pa dat dit heel waarskynlik nie sy werk sal wees nie? (1)

1.22 Wat dink jy, hoop sy pa Wian dalk na skool sal doen? (1)


1.23 Wat wil JY na skool doen? (1)

**[30]**

**VRAAG 2: Visuele teks**

**Bestudeer die visuele teks hieronder oor wat op vlak 2 van inperking toegelaat word, en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**

TEKS B



**2.1 Wanneer mag mense drank koop? Gee die dae van die week. (1)**

**2.2 Wat moet restaurante en sjebiens hê om drank te kan verkoop? (1)**

**2.3 Noem die twee dinge wat jy nou mag koop om te rook. (2)**

**2.4 Waar kan jy gaan oefen? Noem een plek. (1)**

**2.5 Waar mag Suid-Afrikaners nou gaan reis? (1)**

**2.6 Die volgende stelling is ONWAAR. Haal TWEE opeenvolgende woorde as antwoord aan.**

**Julle mag nou in groot groepe by mekaar gaan kuier. (1)**

**2.7 Kies die korrekte antwoord en skryf dit dan neer.**

**As jy op vakansie gaan, (mag jy/mag jy nie) in 'n hotel gaan bly. (1)**

**2.8 Pas die woorde in KOLOM B by die plekke in KOLOM A. Skryf net die nommer (2.8) en die letter (A-D) neer.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.8.1 Wildreservaat | A. Gaan kyk sonder toeskouers. |
| 2.8.2 Sportwedstryde | B. Loop tusen die diere rond. |
| | C. Gaan kyk na die diere. |

**(2)**

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 40 PUNTE**

## AFDELING B: TAALWERK

**Die volgende vrae is op die prentjie hieronder gebaseer.**

TEKS C



**VRAAG 1: SINSTRUKTURE**

**1.1 Skryf die volgende sinne oor in die korrekte WOORDORDE.**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1.1 | Die seun, fiets, vandag, in die veld, ry. | (1) |
| 1.1.2 | Die man, die berg, sal, klim, more, vinnig. | (1) |
| 1.1.3 | Die meisie, by die rivier af, geroei, het, gister. | (1) |
| | | [3] |

**1.2 Skryf die volgende sinne oor in die VERLEDE TYD.**

| | | |
|---|---|---|
| 1.2.1 | Die gesin geniet hulle vakansie in die berge. | (1) |
| 1.2.2 | Die man klim die hoë berg. | (1) |
| 1.2.3 | Die weer is vandag pragtig. | (1) |
| 1.2.4 | Die vrou het 'n seer been. | (1) |
| 1.2.5 | Die kinders kan in die rivier swem. | (1) |
| 1.2.6 | Die man en vrou loop en praat oor die aktiwiteite. | (1) |
| 1.2.7 | Die kinders swem en roei heel dag lank. | (1) |
| | | [7] |

**1.3 Skryf die volgende sinne oor in die TOEKOMENDE TYD.**

| | | |
|---|---|---|
| 1.3.1 | Die man roei vinnig. | (1) |
| 1.3.2 | Die seun het 'n wandelstok by hom. | (1) |

1.3.3 Die kinders is almal in die water. (1)

1.3.4 Die gesin geniet die sonsopkoms oor die see. (1)

[4]

1.4 Skryf die volgende sinne oor in die ONTKENNING

1.4.1 Die kinders roei op die dam. (1)
1.4.2 Hy het êrens die mooi klip opgetel. (1)
1.4.3 Almal het op die strand gelê. (1)
1.4.4 Ek het al daardie waterval gesien. (1)
1.4.5 Iemand het 'n brug daar gebou. (1)

[5]

1.5 Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD in hakies. Skryf die sinne weer oor.

1.5.1 Ons ry op motorfietse. Ons swem in die swembad. (en) (1)
1.5.2 Ons dra baaikostuums. Ons swem in die see. (aangesien) (1)
1.5.3 Die gesin is gelukkig. Hulle hou heerlik vakansie. (omdat) (1)
1.5.4 Ons wil berg klim. Ons dra toue saam met ons. (dus) (1)
1.5.5 Die kinders wil nog swem. Dit word nou donker. (maar) (1)
1.5.6 Die man loop ver. Hy is baie moeg. (daarom) (1)

[6]

1.6 Skryf die volgende sinne oor in die LYDENDE VORM.

1.6.1 Die man het die berg geklim. (1)
1.6.2 Ma pak 'n mandjie kos. (1)
1.6.3 Die kinders sal perde ry. (1)
1.6.4 Pa braai die vleis. (1)
1.6.5 Die gesin sal bootjies huur. (1)
1.6.6 Die vrou het tydskrifte gelees. (1)

[6]

1.7 Skryf die sinne oor met die korrekte LEES-EN SKRYFTEKENS.

1.7.1 hy vra hoe ver moet ons nog loop (1)
1.7.2 mevrou smith ons wetenskap juffrou was ook in kaapstad (1)
1.7.3 hulle koop toue skoene koeldrank sjokolade en water (1)
1.7.4 john se ek gaan nou swem (1)
1.7.5 sjoe dis baie warm (1)

[5]

## 1.8 KOMMUNIKATIEWE TAAL

Wat sê jy as jy ...

1.8.1 iemand vir die eerste keer ontmoet? (1)
1.8.2 iemand in die aand groet? (1)
1.8.3 iemand gelukwens met sy/haar verjaardag? (1)
1.8.4 iemand bedank vir iets? (1)
[4]

TOTAAL: 40

## VRAAG 2: WOORDSTRUKTURE

Bestudeer die onderstaande prentjie en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS D




2.1 Gee die MEERVOUD vir die woorde in hakies. Skryf die nommer en die antwoord neer.

2.1.1 Die meisies bou twee (sandkasteel). (1)
2.1.2 Die seuns het al die (boot) in die water gestoot. (1)
2.1.3 Daar is baie (skip) op die see. (1)
[3]

2.2 Gee die VERKLEINWOORD vir die woorde in hakies. Skryf die nommer en die antwoord neer.

2.2.1 Die klein (kind) wou ook op die strand dans. (1)
2.2.2 Die vrou dra 'n klein (strandhoed). (1)
2.2.3 Die meisie hou 'n klein (vlag) in haar hand. (1)
[3]

2.3 Vul die korrekte VOORNAAMWOORDE in die oop spasies in. Skryf die nommer en die antwoord neer.

2.3.1 Die meisie dans met ___ vriende. (1)
2.3.2 Die seun hou 'n glas in ___ hand. (1)
2.3.3 Die musiek wat hulle speel, is _(theirs)__. (1)
[3]

2.4 Vul die VOORSETSELS in die oop spasies in. Skryf die nommer en die antwoord neer.

2.4.1 Hy ry ___ motor na die partytjie. (1)
2.4.2 Die partytjie begin ___ agtuur die aand. (1)
2.4.3 Sy is kwaad ___ haar kêrel, want hy was laat. (1)
[3]

2.5 Gee die INTENSIEWE VORM vir die woorde in hakies. Skryf die nommer en die antwoord neer.

2.5 1 My een vriendin is (baie ryk). (1)
2.5.2 Die meisie op die punt is (baie maer). (1)
2.5.3 My kêrel is (baie fris). (1)
[3]

2.6 <u>VRAAGWOORDE</u>

2.6.1 Vertaal die volgende VRAAGWOORDE in ENGELS. Skryf die nommer en die antwoord neer.

a) Wie se
b) Hoe (2)

2.6.2 Vul die korrekte VRAAGWOORDE in die oop spasies in. Skryf die nommer en die antwoord neer.

a) ___ begin skool vandag? Om agtuur. (1)

b) ___ het die venster gebreek? John en sy vriend. (1)
[4]

2.7 Vul die VERGELYKINGS in die oop spasies in. Skryf die nommer en die antwoord neer.

2.7.1 Die dansvloer was so glad soos ___. (1)

2.7.2 Toe die ligte afgaan, was dit so donker soos die ___. (1)
2.7.3 Aan die einde van die nag was almal so honger soos 'n ___. (1)
[3]

2.8 Voltooi die volgende AFKORTINGS. Skryf die nommer en die antwoord neer.

2.8.1 Die partytjie word in (Suid-Afrika) gehou. (1)
2.8.2 Hy het geval, dus moes ons die (dr.) besoek. (1)
2.8.3 Julle moet (asseblief) al die papiere optel. (1)
[3]

2.9 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van die woorde in hakies. Skryf die nommer en die antwoord neer.

2.9.1 Die (haan) lê vroeg eiers. (1)
2.9.2 Die (bul) wei op die gras. (1)
2.9.3 Die (ram) lê by die lammetjie. (1)
[3]

2.10 Vul die korrekte DIEREGELUIDE in die oop spasies in. Skryf die nommer en die antwoord neer.

2.10.1 Die hond ___ in die verte. (1)
2.10.2 Die kanarie ___ in die boom. (1)
2.10.3 Die jakkals ___ in die bosse. (1)
[3]

2.11 Vul die korrekte VERSAMELNAME in die oop spasies in. Skryf die nommer en die antwoord neer.

2.11.1 'n ___ voëls vlieg oor hulle. (1)
2.11.2 Ma was die ___ wasgoed. (1)
2.11.3 Ek koop vir haar 'n ___ blomme. (1)
[3]

2.12 Gee die TRAPPE VAN VERGELYKING vir die volgende woorde in hakies. Skryf die nommer en die antwoord neer.

2.12.1 Die seewater is nou (hoog) as 'n paar uur tevore. (1)
2.12.2 Dit is die (sleg) koeldrank wat ek gedrink het. (1)
2.12.3 Hy is (fris) as sy broer. (1)
[3]

**2.13 Skryf die GETALLE uit in woorde. Skryf die nommer en die antwoord neer.**

**2.13.1 Daar was (40) kinders by die partytjie. (1)**
**2.13.2 My vriendin het (200) geskenke gekry. (1)**
**2.13.3 Ek was (1e) by die partytjie. (1)**
**[3]**

**TOTAAL: 40**

**TOTAAL VIR AFDELING B: 80 PUNTE**

**SOMTOTAAL: 120 PUNTE**



**KLEUR DIE PRENT IN AS JY KLAAR IS.**

